



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Price 20c Prys

Overseas 30c Oorsee

POST FREE—POSVRY

Vol. 113]

CAPE TOWN, 29 NOVEMBER 1974

[No. 4524

KAAPSTAD, 29 NOVEMBER 1974

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 2237.

29 November 1974.

No. 2237.

29 November 1974.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 93 of 1974: Cultural Institutions Amendment Act, 1974.

No. 93 van 1974: Wysigingswet op Kulturele Inrigtings, 1974.

WET

Tot wysiging van die bepalings van die Wet op Kulturele Inrigtings, 1969, ten einde sekere teksveranderinge aan te bring; die belegging van geld deur verklaarde inrigtings verder te reël; die beskikking oor roerende goed deur sodanige inrigtings verder te reël; die naam van die Suid-Afrikaanse Nasionale Oorlogsmuseum, Johannesburg, te verander; ander voorsiening te maak betreffende die bepaling van diensstate van, en diensvoorwaardes en sekere ander aangeleenthede betreffende persone in diens by, verklaarde inrigtings; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 11 November 1974.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Vervanging van artikel 2 van Wet 29 van 1969.

1. (1) Artikel 2 van die Wet op Kulturele Inrigtings, 1969 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Betaling van subsidies aan inrigtings.

2. Die Minister kan, vir die doeleindes en op die grondslag en op die voorwaardes wat hy in oorleg met die Minister van Finansies bepaal, aan 'n inrigting, uit gelde deur die Parlement vir die doel bewillig, 'n subsidie betaal.”

(2) 'n Hulptoelae wat voor die inwerkingtrede van hierdie Wet kragtens artikel 2 van die Hoofwet aan 'n inrigting toegeken is, word geag 'n subsidie te wees wat kragtens genoemde artikel soos deur hierdie Wet vervang, betaal is.

Vervanging van artikel 3 van Wet 29 van 1969.

2. Artikel 3 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Toepassing van Wet.

3. Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* verklaar dat 'n inrigting waaraan 'n subsidie kragtens artikel 2 betaal word, met ingang van 'n in daardie kennisgewing vermelde datum onder die bepalings van hierdie Wet val.”

Wysiging van artikel 4 van Wet 29 van 1969.

3. Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (2) en (3) deur die volgende subartikels te vervang:

„(2) 'n Verklaarde inrigting mag nie sonder die vooraf verkreë goedkeuring van die Minister, verleen in oorleg met die Minister van Finansies, onroerende goed koop of op 'n ander wyse verkry, huur, verkoop, verhuur, verruil of op 'n ander wyse vervreem, verhipotekeer of beswaar of geld belê, uitleen of leen nie, tensy, in die geval van 'n belegging van geld, die belegging geskied ooreenkomstig voorskrifte wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies uitgevaardig het.

CULTURAL INSTITUTIONS AMENDMENT ACT, 1974

Act No. 93, 1974

ACT

To amend the Cultural Institutions Act, 1969, so as to effect certain textual alterations; to further regulate the investment of moneys by declared institutions; to further regulate the disposal of movable property by such institutions; to alter the name of the National War Museum, Johannesburg; to make other provision regarding the determination of establishments of, and conditions of service and certain other matters relating to persons employed at, declared institutions; and to provide for incidental matters.

(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 11 November 1974.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. (1) The following section is hereby substituted for section 2 of the Cultural Institutions Act, 1969 (hereinafter referred to as the principal Act):

Substitution of section 2 of Act 29 of 1969.

“Payment of subsidies to institutions. 2. The Minister may, for such purposes, on such basis and subject to such conditions as he may in consultation with the Minister of Finance determine, out of moneys appropriated by Parliament for the purpose pay a subsidy to any institution.”

(2) A grant-in-aid made to an institution under section 2 of the principal Act prior to the commencement of this Act, shall be deemed to be a subsidy paid under that section as substituted by this Act.

2. The following section is hereby substituted for section 3 of the principal Act:

Substitution of section 3 of Act 29 of 1969.

“Applica- tion of Act. 3. The Minister may by notice in the *Gazette* declare that any institution to which a subsidy is paid under section 2 shall, with effect from a date specified in that notice, be subject to the provisions of this Act.”

3. Section 4 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsections (2) and (3) of the following sub-sections:

Amendment of section 4 of Act 29 of 1969.

“(2) A declared institution shall not, without the prior approval of the Minister, granted in consultation with the Minister of Finance, purchase or otherwise acquire, hire, sell, let, exchange or otherwise alienate, hypothecate or encumber immovable property or invest, lend or borrow moneys, unless, in the case of the investment of moneys, such investment is made in accordance with directions issued by the Minister in consultation with the Minister of Finance.

Wet No. 93, 1974

WYSIGINGSWET OP KULTURELE INRIGTINGS, 1974

(3) 'n Verklaarde inrigting kan, tensy die Minister anders bepaal, en behoudens die bepalings van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), 'n monster, versameling of ander roerende goed wat aan hom behoort, verhuur, verkoop, verruil of op 'n ander wyse vervreem."

Wysiging van artikel 5 van Wet 29 van 1969.

4. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende paragrawe by subartikel (3) te voeg, terwyl die bestaande subartikel paragraaf (a) word:

„(b) Die inrigting in paragraaf (a) bedoel, heet vanaf die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Kulturele Inrigtings, 1974, die Suid-Afrikaanse Nasionale Museum vir Krygsgeskiedenis, Johannesburg.

(c) 'n Verwysing in 'n wet of dokument na die Suid-Afrikaanse Nasionale Oorlogsmuseum, Johannesburg, word geag 'n verwysing te wees na die Suid-Afrikaanse Nasionale Museum vir Krygsgeskiedenis, Johannesburg."

Invoeging van artikels 5A en 5B in Wet 29 van 1969.

5. Die volgende artikels word hierby na artikel 5 in die Hoofwet ingevoeg:

„Dienstate van, en diensvoorwaardes, voorregte, ens., van persone in diens by, verklaarde inrigtings.

5A. (1) Die Minister bepaal die diensstaat van 'n verklaarde inrigting, die salarisse, toelaes en ander voordele, voorregte en diensvoorwaardes van persone wat aangestel word of in diens is in 'n pos inbegrepe by so 'n diensstaat, en, in oorleg met die Minister van Finansies, die salarisskaal en skale van ander voordele verbonde aan sodanige poste: Met dien verstande dat 'n raad met die vooraf verkreeë goedkeuring van die Minister, verleen in oorleg met die Minister van Finansies, aan iemand wat aldus in diens is of aangestel word, die betaling van 'n salaris kan magtig wat die maksimum van die salarisskaal wat ten opsigte van so iemand van toepassing is, oorskry.

(2) Die bevoegdheid om iemand in 'n pos by 'n verklaarde inrigting aan te stel, of om iemand wat so 'n pos beklee na 'n ander sodanige pos, of van een afdeling of kantoor van so 'n inrigting na 'n ander sodanige afdeling of kantoor oor te plaas, of om iemand wat so 'n pos beklee se dienste te beëindig, berus by die raad van die betrokke inrigting, en word uitgeoefen ooreenkomstig die voorwaardes wat die Minister voorskryf: Met dien verstande dat die Minister vooraf goedkeuring moet verleen vir die aanstelling van persone in dié poste wat die Minister aangewys het.

Oordrag van bevoegdheid en werksaamhede van Minister.

5B. Die Minister kan—

(a) 'n bevoegdheid of werksaamheid wat ingevolge subartikel (1) van artikel 5A (vir sover dit betrekking het op die bepaling van diensstate, salarisse, toelaes, ander voordele, voorregte en diensvoorwaardes), en ingevolge die voorbehoudsbepaling by subartikel (2) van daardie artikel, aan hom verleen of opgedra word, aan 'n raad, die Sekretaris of 'n ander beampte, en

(b) die bevoegdheid wat ingevolge die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) van artikel 5A aan hom opgedra word, aan die Sekretaris of 'n ander beampte, oordra."

Wysiging van artikel 6 van Wet 29 van 1969.

6. Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

CULTURAL INSTITUTIONS AMENDMENT ACT, 1974

Act No. 93, 1974

(3) A declared institution may, unless the Minister otherwise provides, and subject to the provisions of the National Monuments Act, 1969 (Act No. 28 of 1969), let, sell, exchange or otherwise alienate any specimen, collection or other movable property belonging to it."

4. Section 5 of the principal Act is hereby amended by the addition to subsection (3) of the following paragraphs, the existing subsection becoming paragraph (a): Amendment of section 5 of Act 29 of 1969.

"(b) The institution referred to in paragraph (a) shall, from the commencement of the Cultural Institutions Amendment Act, 1974, be called the South African National Museum for Military History, Johannesburg.

(c) Any reference in any law or document to the South African National War Museum, Johannesburg, shall be deemed to be a reference to the South African National Museum for Military History, Johannesburg."

5. The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 5: Insertion of sections 5A and 5B in Act 29 of 1969.

"Establishments of, and conditions of service, privileges, etc., of persons employed at, declared institutions.

5A. (1) The Minister shall determine the establishment of any declared institution, the salaries, allowances and other benefits, privileges and conditions of service of persons appointed at or employed in any post included in such establishment, and, in consultation with the Minister of Finance, the salary scales and scales of other benefits attaching to such posts: Provided that a council may, with the prior approval of the Minister granted in consultation with the Minister of Finance, authorize the payment to a person so employed or appointed of a salary which exceeds the maximum of the salary scale applicable in respect of such person.

(2) The power to appoint any person to a post at a declared institution, or to transfer a person holding such post to another such post or from a division or office of the said institution to another such division or office, or to terminate the services of a person holding such post, shall vest in the council of such institution, and shall be exercised subject to the conditions prescribed by the Minister: Provided that the appointment of persons to such posts as the Minister may designate, shall be subject to his prior approval.

Assignment of powers and functions of Minister.

5B. The Minister may assign—

(a) a power or function conferred on or entrusted to him in terms of subsection (1) of section 5A (in so far as it relates to the determination of establishments, salaries, allowances, other benefits, privileges and conditions of service), and in terms of the proviso to subsection (2) of that section, to a council, the Secretary or any other officer; and

(b) the power entrusted to him in terms of the proviso to subsection (1) of section 5A, to the Secretary or any other officer."

6. Section 6 of the principal Act is hereby amended— Amendment of section 6 of Act 29 of 1969.
(a) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

Wet No. 93, 1974

WYSIGINGSWET OP KULTURELE INRIGTINGS, 1974

- „(3) 'n Lid van 'n raad beklee sy amp vir 'n tydperk van drie jaar, tensy 'n korter tydperk by die aanstelling of verkiesing van die lid deur die Minister bepaal is.” en
- (b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:
- „(4) Wanneer 'n lid van 'n raad sy amp ontruim voor vermelde tydperk van drie jaar, of, na gelang van die geval, vermelde korter tydperk verstryk, kan die Minister iemand aanstel om die vakature te vul vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van sodanige lid wat sy amp ontruim.”.
- Wysiging van artikel 12 van Wet 29 van 1969.
7. Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (13) deur die volgende subartikel te vervang:
- „(13) Die sekretariële en administratiewe werk verbonde aan die verrigting van hul werksaamhede en die uitoefening van hul bevoegdhede deur die Adviesraad in 'n in subartikel (11) bedoelde komitee, word verrig deur beamptes wat deur die Sekretaris aangewys word.”.
- Wysiging van artikel 15 van Wet 29 van 1969.
8. (1) Artikel 15 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur paragraaf (e) van subartikel (1) te skrap; en
- (b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:
- „(3) 'n Regulasie kragtens paragraaf (g) van subartikel (1), of ten opsigte van die in artikel 6 (6) bedoelde toelaes, word uitgevaardig na oorlegpleging met die Minister van Finansies.”.
- (2) Enigiets gedoen ingevolge 'n regulasie wat uitgevaardig is, of heet uitgevaardig te gewees het, kragtens artikel 15 (1) van die Hoofwet soos dit bestaan het onmiddellik voor die wysiging daarvan deur subartikel (1) van hierdie artikel, en wat ingevolge artikel 5A van die Hoofwet gedoen sou kon word, word geag ingevolge laasgenoemde artikel gedoen te gewees het.
- Vervanging van lang titel van Wet 29 van 1969.
9. Die lang titel van die Hoofwet word hierby deur die volgende lang titel vervang:
- „Om voorsiening te maak vir die betaling van subsidies aan sekere inrigtings, vir hul instelling as verklaarde kulturele inrigtings onder die beheer van rade, vir die instelling van 'n Adviesraad vir Verklaarde Inrigtings, en 'n Komitee van Hoofde van Verklaarde Inrigtings, en vir bykomstige aangeleenthede.”.
- Kort titel en inwerkingtreding.
10. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Kulturele Inrigtings, 1974, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

CULTURAL INSTITUTIONS AMENDMENT ACT, 1974

Act No. 93, 1974

“(3) A member of a council shall hold office for a period of three years, unless the Minister has, upon the appointment or election of the member, determined a shorter period.”; and

- (b) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

“(4) Whenever a member of a council vacates his office before the expiration of the said period of three years, or the said shorter period, as the case may be, the Minister may appoint a person to fill the vacancy for the unexpired portion of the period of office of such vacating member.”.

7. Section 12 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (13) of the following subsection: Amendment of section 12 of Act 29 of 1969.

“(13) The secretarial and administrative work connected with the performance of their functions and the exercise of their powers by the Advisory Council and a committee referred to in subsection (11), shall be performed by officers designated by the Secretary.”.

8. (1) Section 15 of the principal Act is hereby amended— Amendment of section 15 of Act 29 of 1969.
 (a) by the deletion of paragraph (e) of subsection (1); and
 (b) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) Any regulation under paragraph (g) of subsection (1), or in respect of the allowances referred to in section 6 (6), shall be made after consultation with the Minister of Finance.”.

(2) Anything done under a regulation made, or purporting to have been made, in terms of section 15 (1) of the principal Act as it existed immediately prior to the amendment thereof by subsection (1) of this section, and which could be done under section 5A of the principal Act, shall be deemed to have been done under the last-mentioned section.

9. The following long title is hereby substituted for the long title of the principal Act: Substitution of long title of Act 29 of 1969.

“To provide for the payment of subsidies to certain institutions, for the establishment as declared cultural institutions under the control of councils, for the establishment of an Advisory Council for Declared Institutions and a Committee of Heads of Declared Institutions, and for incidental matters.”.

10. This Act shall be called the Cultural Institutions Amendment Act, 1974, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*. Short title and commencement.

